PERSVERKLARING

# HESSEQUA MUNISIPALITEIT

Kontak:
Munisipale Bestuurder
Mnr. Johan Jacobs
mm@hessequa.gov.za
Hessequa Munisipaliteit
Tel: 028 713 8000

## VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING

24 Augustus 2020

**STORMSKADE: LAPPIESBAAI DUINE**

Die sterk seestrome van die afgelope twee weke het geweldige skade aan die duine by Lappiesbaai en omliggende omgewing aangerig en is ongeveer tussen 3-5m duine weggespoel. Hierdie is ’n natuurlike verskynsel wat jaarliks plaasvind en word verwag dat tydens springgety, die duin weer weggespoel sal word.

Ten einde die onlangse verskynsel te Stilbaai-Oos te begryp waar groot gedeeltes van die voor duin deur die see erodeer was en areas agtergelaat het wat toegang na die strande bemoeilik of ontoeganklik maak, moet daar op die volgende gelet word.

Die basiese beginsels van voor duin integriteit, kan opgesom word as die vermoë van 'n beplante voor duin om die beweging van waaiende sand te voorkom, asook om 'n groot volume sand op te bou aan die voorkant ten einde erosie effektief teen te werk gedurende periodes wat met hoë intensiteit seestorms en springgety gepaardgaan.

’n Laagdruk weerstelsel (‘kouefront') wat langs die Suid-Kaap verby beweeg, lei tot die verhoging van die seewater vlak as gevolg van sterk winde en lae barometriese druk. Die gekombineerde wind-, golf- en “barometriese” opset wat met ’n kus laagdruk gepaardgaan, met ’n addisionele veranderlike genaamd springgety (wat elke 2 weke voorkom), kan daartoe lei dat die golf aanloop aansienlik hoër is as normaal.

Hierdie is ’n normale verskynsel gedurende Winter en het gewoonlik tot gevolg dat groot gedeeltes van die sand wat die voorkant van voor duine uitmaak, gedurende die Winter maande deur die see erodeer word. Die afgelope twee na drie weke, het die Suid-Kaap deurgeloop onder kouefronte wat saam met die laaste springgety die erosie van ons voor duine tot gevolg gehad het.

Daar moet ook gelet word dat die teenoorgestelde proses genaamd akkresie, ook van toepassing is, waar die see weer gedurende Lente die sand wat erodeer was, stelselmatig terugplaas. Die sand behoort so vroeg as September, maar gewoonlik tussen Oktober en November, te begin terug beweeg. Die laaste proses is ook die rede hoekom Hessequa gedurende Blouvlag seisoen met 6 Blouvlag strande kan spog.

Beperkte toegang na die strand is wel beskikbaar. Lappiesbaai se deurgange is gesluit, maar die publiek kan die strand bereik via die glybane te Lappiesbaai. Preekstoel kan bereik word waar die teerpad eindig. Die gedeeltes wat gevaarlik is, duidelik afgebaken met lint en takke deur die Munisipaliteit.

EINDIG / ENDS

Uitgereik deur
Me D Budricks
Skakelbeampte
Hessequa Munisipaliteit
Tel: 028 713 8000
E-pos: didi@hessequa.gov.za